# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 283 · 14 OKTOBER 2022**

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

## FRAMESBY-KRIEKET ONOORWONNE

### 1STE SPAN: PUNT-KRIEKETFEES:

Framesby se eerste krieketspan het al hul wedstryde tydens die Punt-Krieketfees gewen. Baie geluk aan die span!! Uitslae volg op volgende bladsy.



### 0/15 SPAN: WEN KWAGGA 20/20-KRIEKETOERNOOI

Baie geluk aan die 0/15A-krieketspan wat die Kwagga 20/20 krieketttoernooi gewen het. Ons is so trots op julle!! Uitslae volg.



## VERJAARSDAE DIE WEEK

**SATERDAG • 15 OKTOBER**
Lucy le Grange
Larnay Badenhorst
Anika Smit
Paul van Heerden

**SONDAG • 16 OKTOBER**
Mia Terblanche

**MAANDAG • 17 OKTOBER**
Ana jv Vuuren
Ryan O'Ehley

**DINSDAG • 18 OKTOBER**
Danay Havenga
Vasti Myburgh
Lelani Knoetze
Luke van Staden
Cornelius du Preez
Aldrich Steyl

**WOENSDAG • 19 OKTOBER**
Emma Bagley
Chante Els
Charnleigh Kotze
Shani Niekerk
Larné Halgreen
Nadine Massyn

**DONDERDAG • 20 OKTOBER**
Yelcqe Kotze
Mieke Jamneck
Lumé Barnard

**VRYDAG • 21 OKTOBER**
Elanca van Jaarsveld
Yeliza Botha
Ethan Jansen
Carli Maritz

HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR:

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste ouers

Ek haal Matteus 16 vers 16 aan: "Simon Petrus het geantwoord: U is die Christus, die Seun van die lewende God". Mag hierdie ons geloof versterk dat Christus ons lewende Vader is.

Ouers, ek wil graag die volgende belangrike punte vir u uitlig:

A) SPORT- EN KULTUURAAND/MERIETEDIPLOMAPLEGTIGHEID/AKADEMIESE PRYSUITDELING

Die volgende belangrike geleenthede vind volgende week plaas:

| | | |
|---|---|---|
| Maandag 17 Oktober 2022 | Sport- en Kultuuraand | 19:00 |
| Dinsdag 18 Oktober 2022 | Merietediplomaplegtigheid [Graad 8 – 10] | 18:00 |
| Woensdag 19 Oktober 2022 | Afsluitingseremonie – [Graad 12] | 09:00 |
| Donderdag 20 Oktober 2022 | Merietediplomaplegtigheid [Graad 11 – 12] | 19:00 |
| | Akademiese Prysuitdeling | 19:00 |

B) EKSAMENS

Onderstaande eksamen-inligting word aan u gekommunikeer:

| | | |
|---|---|---|
| Dinsdag, 25 Oktober | Graad 12 | NSS eksamen begin [FINALE ROOSTER AANGEHEG] |
| Donderdag, 27 Oktober | Graad 10 en 11 | Finale eksamen begin |
| Vrydag, 4 November | Graad 8 en 9 | Finale eksamen begin |

C) ALGEMENE AKADEMIE

- Leerders sal vroeg volgende week hul finale eksamenroosters ontvang. Graad 10- en 11-leerders skryf op baie dae 2 vraestelle – oggend 09:00 en middae 14:00.
- Leerders moet so gou moontlik met hul beplanning en voorbereiding begin. Leerders moet 'n vaste studieprogram opstel om deeglik vir elke vak voor te berei.
- Sekere vraestelle wat die graad 11-leerders skryf, is ekstern. Wiskunde grade 8 en 9 skryf hierdie jaar ook eksterne vraestelle.
- Aangesien hierdie eksamen leerders se bevordering beïnvloed, moet leerders alle vraestelle kom skryf. Slegs met 'n mediese sertifikaat mag leerders se punte enigsins verwerk word.
- Ouers, dankie dat u ook tuis u seun/dogter ondersteun en aanmoedig om hul beste in die finale pylvlak te gee.

D) WISKUNDE GRADE 10 EN 11

Ouers moet bewus wees dat verskeie addisionele klasse vir leerders na skoolure oor die volgende twee weke gereël gaan word. Weens die vol kurrikulum is ons verplig om tye voor en na skool in te ruim. Jammer vir die ongerief, maar ons vra u ondersteuning tuis.

E) FAKKELFLITS

Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u op hoogte van alle gebeure en prestasies. Dit is op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

F) VERKIESING VAN BEHEERLIGGAAMLEDE – TWEE VAKANTE POSTE

Aangesien geen kworum tydens die verkiesing op 11 Oktober 2022 bereik is nie, verskuif die verkiesing na Maandag, 24 Oktober om 07:00 in die skoolsaal. Mnr. M de Vries tree as ons kiesbeampte op.

G) OUERVERGADERING - BEGROTING

Aangeheg die kennisgewing van die algemene ouervergadering met betrekking tot die skoolbegroting vir 2023.

H) DIE KOSBLIK

Neem kennis dat Die Kosblik Maandae tot Vrydae vanaf 06:00 tot 18:00 oop is. Verkope sal egter slegs plaasvind Maandae tot Donderdae tussen 06:00 en 16:00 en Vrydae tussen 06:00 – 15:00 . 'n Vending masjien is egter vanaf 16:00 tot 18:00 beskikbaar in Die Kosblik vir leerders.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

I) WERKSAFBAKENING – GRAAD 8 - 11

Die graad 8 tot 11 leerders ontvang hulle volle werksafbakening vir die November-eksamen vandag in hardekopie. Dit sal ook op Facebook beskikbaar wees. As gevolg van die grootte van die dokument kan ons dit ongelukkig nie in die nuusbrief plaas nie.

Ek dank u vir u volgehoue ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud! Kom ons werk almal saam om dit so te hou.



**MARIUS GERMISHUYS**
SKOOLHOOF



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# NOVEMBER EKSAMEN GRAAD 12
# 25 OKTOBER – 5 DESEMBER 2022

| DAG EN DATUM | OGGENDSESSIE 09:00 | MIDDAGSESSIE 14:00 |
|---|---|---|
| **WEEK 1** | | |
| Dinsdag 25 Oktober | RTT (CAT) V1 Prakties 3 h | |
| Woensdag 26 Oktober | IT V1 Prakties 3 h | |
| Maandag 31 Oktober | ENG HL P1 ENG FAL P1 2 h | |
| Dinsdag 1 November | | |
| Woensdag 2 November | Afr. HT V1 2 h | |
| Donderdag 3 November | | IGO V1 3 h |
| Vrydag 4 November | Wisk. V1 WG V1 3 h | |
| **WEEK 2** | | |
| Maandag 7 November | Wisk. V2 WG V2 3 h | |
| Dinsdag 8 November | | |
| Woensdag 9 November | | RTT (CAT) V2 Teorie 3 h |
| Donderdag 10 November | | IT V2 Teorie 3 h |
| Vrydag 11 November | FW (Fisika) V1 3 h | |
| **WEEK 3** | | |
| Maandag 14 November | FW (Chemie) V2 3 h | |
| Dinsdag 15 November | Geografie V1 3 h | |
| Woensdag 16 November | Rekeningkunde V1 2 h | IGO V2 3 h |
| Donderdag 17 November | Eng. HL P2 Eng. FAL P2 $2\frac{1}{2}$ h | |
| Vrydag 18 November | LW V1 $2\frac{1}{2}$ h | |
| **WEEK 4** | | |
| Maandag 21 November | LW V2 $2\frac{1}{2}$ h | |
| Dinsdag 22 November | | Geografie V2 3 h |
| Woensdag 23 November | | BS V1 2 h |
| Donderdag 24 November | Afr. HT V2 $2\frac{1}{2}$ h | Toerisme 3 h |
| Vrydag 25 November | Rekeningkunde V2 2 h | |

| WEEK 5 | | |
|---|---|---|
| Maandag 28 November | | |
| Dinsdag 29 November | | BS V2 2 h |
| Woensdag 30 November | Eng. HL P3 3 h Eng. FAL P3 $2\frac{1}{2}$ h | |
| Donderdag 1 Desember | Verbruikerstudie 3 h | |
| Vrydag 2 Desember | Afr. HT V3 3 h | |
| **WEEK 6** | | |
| Maandag 5 Desember | Musiek V1 Teorie 3 h | Musiek V2 Begrip $1\frac{1}{2}$ h |
| Dinsdag 6 Desember | Drama 3 h | |
| Woensdag 7 Desember | RTT en IT Prakties 3 h (herskryf) | |

# Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU


Cornelialaan
Framesby, Port Elizabeth
Tel: (041) 360 1257

Skoolhoof: Mnr. M. Germishuys

Posbus 28065
Sunridgepark 6008
Faks: (041) 360 7787

E-pos: skoolhoof@framesby.co.za
Webwerf: www.framesby.co.za


**Omsendbrief No. 1/2022**

Geagte Ouer

**ALGEMENE OUERVERGADERING : DINSDAG 15 NOVEMBER 2022 OM 19:00 IN SKOOLSAAL**

Volgens Art 38 van SA-skolewet moet ouers van **huidige** leerders 30 dae voor bogenoemde vergadering skriftelik hiervan in kennis gestel word.

Tydens hierdie geleentheid word die skoolbegroting vir 2023 aan ouers vir kennisname en goedkeuring voorgelê.

Indien die begroting nie goedgekeur word nie, sal die volgende vergadering op Dinsdag, 22 November 2022, om 19:00 gehou word.

Die uwe

MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF

30 September 2022

# SKAAKUITSLAE:

Twee van ons skaakspelers het 30 September – 2 Oktober aan die Eastern Cape Provincial Chess Championships deelgeneem.

Ruan Grigor en Ruben Bouwer het die 0/16-span verteenwoordig. Die 0/16 span het ook as die wenners weggestap.

Elkeen se individuele uitslae is as volg:
Ruben eindig 5de en Ruan 13de.

Ruben is genooi om die Oos-Kaap vanaf 15-19 Desember in Kimberley te gaan verteenwoordig. Baie geluk, Ruben.



## JANELLE OPGENEEM IN OP-KRIEKETSPAN

Janelle van Hall is in die Oos-Kaap 0/15-krieketspan opgeneem. Knap gedaan, Janelle!!



## ANNABELLE BEHAAL DERDE PLEK:

Anabelle Jonck het 3de gekom in die Junior Dames by die Suid-Vrystaat Tweekampbyeenkoms in Bloemfontein wat op 8 Oktober plaasgevind het. Baie geluk, Annabelle!!




SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY SKITTER BY OP-ATLETIEKLIGAS

Framesby-atlete het die afgelope vakansie aan twee OP-atletiekligas deelgeneem. Ons het uitstekend gevaar, veral by die eerste liga (01/10) waar 'n volle program aangebied is: ons behaal 15 eerste plekke. By die tweede liga het net die helfte van die items plaasgevind. Framesby is ook oor hul deelname, verskeidenheid van items en puik spangees gekomplimenteer.

Die volgende atlete het onder die eerste drie atlete geëindig:

LIGA: 01/10/22

- EERSTE PLEKKE:

1. Aiden Gericke- hamergooi (so.19)
2. Shaun-Michael Scharneck- spiesgooi (so.17)
3. Andries Vorster- spiesgooi (so/15)
4. Jade de Jager –paalspring en 100m (do.15)
5. Luka Bessinger- 400m (so.15)
6. Zia Ferreira- 800m (do.15)
7. Zanri Black – 800m (do.19)
8. Esmeri Oberhauser- 1500m (do.17)
9. Esri le Grange- gewigstoot (do.15)
10. JJ de Lange- paalspring (so/17)
11. Jana Terblanche- hamergooi (do.15)
12. Janco Faber- hoogspring (so.15)
13. Zander van Eyk- paalspring (so.19)
14. Zanri Black- 800m (do/19)

- TWEEDE PLEKKE:

15. Jade Rollison- 100 en 200m (so.15)
16. Anneke Grobler -200m (do.15)
17. Tanya Boshoff- 400m (do.15)
18. Ruan Erskine- hamergooi (so.19)
19. Anja Vorster- spiesgooi (do.17)
20. Hesle de Lange- hamergooi (do.17)
21. Esri le Grange- hamergooi-(do/15)
22. Esmeri Obrhauser- 800m (do.15)
23. Dallian Oerson- 1500m (so.15)
24. Ilke Wolmarans- 1500m (do.15)
25. Elanca van Jaarsveld- 800m (do/19)
26. Alexia Meiring- paalspring (do/15)

- DERDE PLEK:

27. Mieke de Vries – 400m (do.15)

LIGA 08/10/22

EERSTE PLEKKE:

1. Lene Barnard- 100m (do.17)
2. Zander van Eyk- paalspring (so.19)
3. Jade de Jager- paalspring (do.15)
4. Esri le Grange- hamergooi en gewigstoot (do.15)
5. Christelle Stander- spiesgooi (do.15)
6. Mienke Deyzel-spiesgooi (do.17)
7. Ruan Erskine- hamergooi (so.19)

TWEEDE PLEKKE:

8. Jade de Jager- 100m (do.15)
9. Timothy Treu – 200m (do.15)
10. Meke de Vries- 300m hekkies (do.15)
11. Alexia meiring- paalspring (do.15)
12. Dallian Oerson- 3000m (so.15)

DERDE PLEKKE:

13. Meke de Vries- 400m (do.15)
14. Chloe Erasmus- gewigstoot (do.17)









SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# WELKOM AAN CHARMAINE EN GERHARD BEETGE

Ons wil baie graag vir Charmaine en Gerhard Beetge verwelkom by die Framesby-familie. Charmaine is Framesby se nuwe netbalorganiseerder. Sy kom van Paarl Gimnasium waar sy as netbalorganiseerder en hoofafrigter van o.19a&b was asook die en afrigtersprogram behartig.

Gerhard gaan met toesig, veral in Die Kosblik uithelp sowel as met die dissipline. Hy was by Paarl Gimnasium die dissipline koördineerder.





# UITSLAE:

**Krieket: o/15 A**
**Krieket: Saterdag 1 Oktober:**
Framesby o15A vs Paarl Gim o15A
Framesby wen loot en besluit om eerste te boul
Paarl Gim behaal 140 almal uit na 42.3 boulbeurte
Beste boulers:
Logan Fleetwood 5-39-10
Reuben Fourie 3-25-9.3
Framesby behaal 113 almal uit
Beste kolwers:
JJ de Lange 28
Christo Prinsloo 25
Framesby verloor met 37 lopies.

**Maandag 3 Oktober**
**Framesby o/15A vs Paul Roos o/15A**
Paul Roos wen loot en stuur vir Framesby in om eerste te kolf
Framesby behaal 129 almal uit in 44.3 boulbeurte
Beste kolwers:
Owen Wessels 38
Durandt Roodtman 23
Lehan Barnard 19
Paul Roos behaal 130 vir 2 in 23.1 boulbeurte
Beste boulers:
Reuben Fourie 1-35-8
Durandt Roodtman 1-28-3
Framesby verloor met 8 paaltjies

**Dinsdag 4 Oktober**
**Framesby o/15A vs Grey College o/15A**
Grey College wen loot en besluit om eerste te boul
Framesby behaal 114 vir 7 na 20 boulbeurte
Beste kolwers:
Owen Wessels 22
Durandt Roodtman 20
Grey College behaal 115 vir 4 na 14.1 boulbeurte
Beste boulers:
Reuben Fourie 2-31-4
Zander Swanepoel 1-6-1
Framesby verloor met 6 paaltjies

**Krieket: o/15 T20 Kwagga Toernooi**
**Woensdag, 5 Oktober**
Framesby 0/15A vs Outeniqua 0/15B
Outeniqua wen die loot en besluit om eerste te boul.
Framesby behaal 142-4 in 20 beurte.
Beste kolwers:
JJ de Lange 61* (62)
Dewan Wessels 32 (38)
Outeniqua B behaal 89 almal uit in 19.5 beurte
Beste Boulers:
Reuben Fourie 3 - 6 in 4 overs
Dewan Wessels 3 - 16 in 3.5
Framesby wen met 53 lopies

**Woensdag, 5 Oktober**
**Framesby 0/15 B vs Boland Landbou A**
20 beurte
Boland Landbou wen die loot en kolf eerste.
Boland Landbou behaal 117 in 18.4 beurte
Beste bowlers:
Christiano Ellis 10/3 in 2.4 beurte
Renquin Goliath 16/4 in 4 beurte
Leander Terblanche 12/2 in 3 beurte
Framesby behaal 95 almal uit in 17.5 beurte.
Beste kolwers:
Ethan Terblanche 34(44)
Leander Terblanche 18(18)
Framesby verloor met 22 lopies.

**Donderdag 6 Okt**
**Framesby 0/15B Vs Nico malan 0/15A**
Framesby wen loot en bowl eerste
Beste bowlers:
Cristiano Ellis 3/13
Llyton Benn 3/9
Renquin Goliath 2/14

Nico Malan behaal 127 almal uit na 18.5 beurte

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

Kyle Barker 13(8)
Llyton Benn 14(20)
Framesby behaal 83 almal uit!
Nico malan wen met 44 lopies

**Donderdag, 6 Oktober**
**Framesby 0/15A vs DF Malan 0/15A**
DF Malan wen die loot en besluit om eerste te boul.
Framesby behaal 176-6 in 20 beurte.
Beste Kolwers:
Logan Fleetwood 40 (24)
JJ de Lange 32 (35)
DF Malan behaal 56-8 in 20 beurte
Beste Boulers:
Owen Wessels 2 - 6 in 3 beurte
Logan Fleetwood 2 - 13 in 3 beurte
Framesby wen met 120 lopies.

**Vrydag, 7 Oktober**
**Framesby 0/15A vs Stellenberg 0/15A**
Framesby wen die loot en besluit om eerste te kolf.
Framesby behaal 160-4 na 20 beurte.
Beste kolwers:
Logan Fleetwood 52* (40)
Dewan Wessels 28 (24)
Stellenberg behaal 76-7 in 20 beurte.
Beste boulers:
Durandt Roodtman 2-7 in 4 beurte
Evan Klaasen 2-13 in 3 beurte
Framesby wen met 84 lopies.

**Vrydag, 7 Oktober**
**Framesby 0/15A vs Pearson 0/15A**
Pearson wen die loot en besluit om eerste te kolf.
Pearson behaal 126 almal uit in 20 beurte.
Beste boulers:
Owen Wessels 3-21 in 4 beurte
Dewan Wessels 2-16 in 4 beurre
Framesby behaal 127-5 in 20 beurte.
Beste kolwers:
Dewan Wessels 36 (30)
Durandt Roodtman 26* (28)
Framesby wen met 5 paaltjies.

**Saterdag, 8 Oktober**
**Framesby 0/15A vs Curo Durbanville 0/15A**
Framesby wen die loot en besluit om eerste te kolf.
Framesby behaal 105 almal uit in 20 beurte
Beste Kolwers:
Durandt Roodtman 30* (31)
Dewan Wessels 14 (12)
Curo Durbanville behaal 66
Beste Boulers:
Owen Wessels 3-8 in 4 beurte
Logan Fleetwood 2-8 in 3 beurte
Framesby wen die finaal met 39 lopies.

**Krieket: 1ste span Punt Krieketfees:**
**Saterdag, 1 Oktober**
Framesby eerstespan vs Strand 50 beurte
Framesby wen die loot en kolf eerste.
Framesby behaal 259 almal uit in 47 beurte.
Beste kolwers:
Corné Jordaan 108* (116)
Nathan Hammond 33 (45)
Taine Douw 22 (29)
Strand behaal 55 almal uit in 29.4 beurte.
Beste boulers:
Zandré Delport 11/3 in 4 beurte.
Corné Jordaan 3/2 in 4 beurte.
Juanré de Vos 5/2 in 4 beurte.
Juan Grigor en Wiaan Hanekom neem ook elkeen ñ paaltjie.
Framesby wen met 204 lopies

**Maandag, 3 Oktober**
**Framesby eerstespan vs Paarl Gimnasium**
50 beurte
Framesby wen die loot en kolf eerste.
Framesby behaal 255 almal uit in 49. beurte.
Beste kolwers:
Cuan Gerber 56 (52)
Nathan Hammond 31 (44)
Corné Jordaan 30 (41)
Paarl Gimnasium behaal 86 almal uit in 35 beurte.
Beste boulers:
Zandré Delport 14/3 in 6 beurte.
Juan Grigor 22/2 in 10 beurte.
Corné Jordaan, Jeanré de Vos, Stefan Scholtz, Luwaegan Goliath en Wiaan Hanekom neem elkeen ook ñ paaltjie.
Framesby wen met 170 lopies

**Dinsdag, 4 Oktober**
**Framesby eerstespan vs Bellville**
40 beurte
Framesby wen die loot en kolf eerste.
Framesby behaal 208/7 in 40 beurte.
Beste kolwers:
Hanro van Jaarsveld 89* (103)
Wiaan Hanekom 29 (32)
Taine Douw 18 (51)
Bellville behaal 109 almal uit in 32.2 beurte.
Beste boulers:
Zandré Delport 30/4 in 8 beurte.
Corné Jordaan 17/3 in 7.2 beurte.
Juan Grigor 22/1 in 8 beurte.
Jeanré de Vos en Wiaan Hanekom neem elkeen ook ñ paaltjie.
Framesby wen met 99 lopies.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# JAARLIKSE LANDSDIENSKAMP BY SKIETFONTEIN

Opleidingskamp te Skietfontein
Vier en twintig leerders en vier onderwysers het van 3 tot 5 Oktober ń opleidingskamp by Skietfontein naby Somerset-Oos bygewoon. Die kamp se doel is om leerders op te lei vir toekomstige projekte. Ons het Maandagoggend vroeg vertrek en net na 10 vm het ons met veldkuns begin.

Bome soos noem- noem, ghwarrie, wildepruim en karee is aan leerders gewys. Perdry het gevolg en bokdrolspoeg is gedoen. Na middagete is daar hemelhoog geswaai. Laatmiddag het ons geleer van wapenhantering en veiligheid. ‘n Paar skote is geskiet en die aandprogram het gevolg. Dinsdag is afgeskop met vlagparade. Na ontbyt het absail gevolg. Onder die leiding van twee bekwame instrukteurs het die leerders die toring getakel. Na middagete is modderbane gedoen en het ons in die plaas se sementdam geswem. Later het ons paintball gespeel en ń paar bloukolle opgedoen.
Elke groepie het bestanddele gekry en moes hul eie potjiekos maak. Die leerders het daarna gesokkie en lyndanse gedoen. Almal was vroeg in die bed. Woensdag het ons net na 9 vm vertrek. Die vier liefdes van die Landsdiens is tydens die kamp ten volle uitgeleef. Die Liefdes is:Liefde vir die Natuur, Medemens, Arbeid en Skepper.















SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# 0/17 OP-RUGBYSPAN STAP WEG AS WENNERS VAN TOERNOOI

Baie geluk aan Hugo Nothnagel en Hein Terblanche wat vir die OP 0/17's sewespan uitgedraf het en as wenners van die SASRA 0/17 7's toernooi wegestap het.




# GOEIE UITSLAE BY SA GIMNASTIEKSPELE

Leolin Petersen (Graad 10) en Simonique Grobler (Graad 9) het die skoolvakansie aan die SA Gimnastiekspele in Pretoria deelgeneem. Hulle het die Oos-Kaap by dié geleentheid verteenwoordig.

Hulle het uitstekend gevaar en tussen hulle twee het hulle, 3 x Goud-, 2 x Silwer- en 1x Brons medalje verower.

Leolin en Simonique vertrek die 19 November na Sofia, Bulgarye waar hulle Suid-Afrika by die Wêreld Ouderdomsgroepkompetisie gaan verteenwoordig.

Simonique is ook gekies vir die Streek 5 Jeugspelespan wat Desember in Malawi gaan deelneem.

Ons is baie trots op hulle en wens hulle alle voorspoed toe vir die spoggeleenthede.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# DIE KOSBLIK

Die Kosblik gaan nie meer ontbyt of middagetes vanaf die 4de kwartaal verkoop nie.

Net die volgende items is beskikbaar:
Gevulde tramezzini's
Toasted sandwiches
Chicken wraps
Small & large slap chips
Chicken & beef burgers
Boereworsrolle
Chicken & beef Samoosa's
Verskeidenheid pasteie
Pakkies chips, sjolokade, lekkers ens.

Kosblik(Kombuis) is Maandae tot Donderdae van 06:00 tot 16:00 oop en Vrydae van 06:00 tot 15:00. Die leerders kan steeds in die Kosblik sit tot 18:00 toe.


Die vending machine sal ook vir die leerders besikbaar wees.




SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY OUDSKOLIERE

## ONS GESELS MET: ELZA BOTES (Néé CONRADIE)






*Elza Botes*

Ek het in 1991 aan Framesby gematrikuleer…31 jaar gelede! My skooljare was "bevange" en "kief"!
Ons het in 1987 as "Gwappe" ons st.6 jaar begin. In daardie dae moes ons nog toutjies kou en ouens het ons bene met vuurhoutjies gemeet! Baie herinneringe en tradisies.
Ek dink sommer dadelik aan hoe ek elke dag met my fiets, tas agterop, met Linga Longa se bult moes op ry! As jy 5 minute later by die huis wegtrek, was dit "time trial" al die pad skool toe om betyds te wees!

Ek, my sus Annelle en Marlize Brink was van die eerste meisies in Framesby wat fietsry as 'n sport beoefen het. Ons het baanfiets en padfiets gery…die jare voor bergfiets(MTB). Ek het ook later my OP kleure in fietsry verwerf. Ek onthou hoe ons aan die eerste "slegs vroue-wedren" ooit in PE deelgeneem het. Die Oosterligsirkel was ook 'n jaarlikse instelling onder PE se skole.

Ek het individueel en in spanverband aan driekamp deelgeneem. Coca-Cola het gereeld skole driekampkompetisies by Hobie Beach aangebied. In my matriekjaar was ek die 0/19-meisieswenner by die OP junior driekampkampioenskappe. 'n Ander lekker herinnering was toe ek as deel van Framesby se meisiespan, saam met Joanie Coetzer en Debbie Snyman, OP by die finaal van die Perm/Radio 5 Driekamp in Durban kon verteenwoordig.

Ek onthou hoe ek en Ilke Hansen smiddae na skool met ons skoolfietse oor die brug agter Framesby gery het

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

om te gaan swem oefen by Westering se swembad. Dan weer al die pad huis toe ná die oefening.
Ek het ook landloop gehol saam met Karien Schön en Sunet Gouws, en was mal oor die landloopbaan by Woodridge College. Verder het ek vir die atletiekspan spies gegooi saam met Margott en Ellane Rautenbach. Ek onthou die gees by die interskole atletiekbyeenkomste! Die lekkerste was die aandbyeenkomste by die UPE stadion. Netbal het ek gespeel vir die lekker spangees en die sosiale sy. Ek het selfs trompoppies vir 'n jaar gedoen en vir 3 jaar in die koor gesing.

Ek het beslis geglo dat 'n gesonde liggaam 'n gesonde gees huisves! En hoe meer dinge jy het om te doen, hoe meer dinge kry jy gedoen!

Verder was daar lekker sokkies, Leerlingraad- en VCSV-kampe by Boknes en Jeffreysbaai!
Op akademiese gebied het dit ook goed gegaan en ek het gematrikuleer met 'n A-gemiddelde. In daardie jare het daar nog 'n fototjie van jou in die koerant verskyn…baie anders as deesdae waar net eksamennommers van die matrieks gepubliseer word.
Ek dink ons het uitstekende onderwysers gehad wat ons gehelp het om op akademiese gebied te presteer, asook ons geïnspireer het om ons potensiaal, leierskap en onafhanklikheid te ontwikkel.
Ek onthou hoe die Xhosa-klasse van me. M. Landman van onskatbare waarde was toe ek as student met pasiënte in hul moedertaal kon kommunikeer om goeie samewerking te kry. Saam met Jackie Schoeman, Fritz Swart en Rolf Swart het ons baie pret in die klas gehad.

There was never a dull moment in Miss D. Johnson's English classes! Ek onthou hoe ons Cosmopolitan artikels moes lees en ontleed. En natuurlik haar herhalende woorde "look it up in the dictionary"!
Ek dink ons het die beste Afrikaanse onnies gehad en me. M. Jordaan verdien baie lof.
Ek onthou mnr. Terblanche (Padda) se klasse wat hy met soveel passie aangebied het…ook hoe kwaai hy was oor baadjies aantrek in die gange! Mnr. Terblans en mnr. T. van Zyl se Biologieklasse was altyd interessant. Ons het mekaar oor en weer met Wiskunde gehelp. Gelukkig was daar baie slim maats soos Jaco Langner en Helena Schmidt in my klas!

Die Naaldwerk- en Huishoudkundeklasse wat ons in St.6 en St.7 gehad het, het ons goeie basiese vaardighede geleer. Dit is vir my baie sinvoller as die Lewensoriëntering wat ons kinders deesdae moet doen. Mev Smal was 'n legende! Ek onthou ook 'n Juff. de Swardt wat net tydelik vir ons klas gegee het, maar ons op geestelike vlak baie geïnspireer het.

Dit gee my sommer 'n glimlag as ek terugdink aan ons jaargroep! Ons was 'n klomp unieke, verskillende mense bymekaar wat mekaar se lewens verryk het met wonderlike herinneringe en baie pret! Ons het ongelukkig nie altyd baie foto's geneem nie en natuurlik was dit die dae voor selfone of sosiale media. 'n Mens koester die goeie tye en besef eers jare later hoe 'n hegte band jy met jou klasmaats gehad het. Sommige van ons het al van Sub. A af saamgekom, soos Marelize Marx, Christoff Lötter en Anchen Myburgh. My sussies was ook in Framesby: Annelle (matriek 1992) en Marlize (matriek 1995).

Ek het na skool B.Sc. Fisioterapie aan die Universiteit van Stellenbosch gaan studeer en in my finale jaar op die Studenteraad van Tygerberg Mediese kampus gedien. Op Stellies het ek vir Hein Botes (Framesby 1988) met die fietsryery beter leer ken. Ons is einde 1996 getroud. Saam het ons deur die jare baie wedrenne gery, waarvan 'n paar Argus-fietswedrenne op die tandem en 'n paar Sani2C MTB-wedrenne, hoogtepunte was.

Ons was bevoorreg om in 1997 en 1998 in Duitsland te kon woon en werk. In hierdie tyd het ons Europa plat getoer! Hierna is ons terug Secunda (Mpumalanga) toe, aangesien Hein 'n Sasol-beurs gehad het wat hy moes terugwerk. Hier het ek my eie Fisioterapiepraktyk gehad, waar ek veral sportbeserings asook nek-en rugpyn pasiënte behandel het. Ek het meer begin hardloop en maratons, Two Oceans Ultramaratons en die Comrades gehol. Ek en Hein het ook saam die New York Marathon gedoen. 'n Hoogtepunt was toe ek in 2015 gekies is vir die SA Duathlonspan (hardloop en fietsry) om aan die Wêreldkampioenskappe in Adelaide, Australië deel te neem. Ongelukkig kon ek dit nie op daardie stadium bywoon nie.

Op die ou eind het ons baie lank in Secunda gewoon en ons kinders is ook hier gebore. In 2014 het ons verhuis na Vanderbijlpark langs die Vaalrivier(Gauteng). Hier locum ek by verskillende praktyke as Fisioterapeut, terwyl ek ook "Mom's Taxi" kon wees. Ons dogter, Ilke (20jaar), studeer B.Com Aktuariële Wetenskap by die Universiteit van Stellenbosch. Francois (18 jaar) is tans in matriek en wil graag in 2023 ook ook op Stellenbosch gaan studeer.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7


Ek is diep dankbaar vir soveel genade, seëninge en goeie gesondheid in my lewe. Ek is steeds baie trots daarop dat ek in Framesby was! Dis fantasties om te sien hoe die skool floreer en nog verder ontwikkel en presteer!













SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# OUDSKOLIERE BERIGTE:

Indien jy iemand vir die Oudskoliere-berig wil nomineer, kontak ons gerus : mediasentrum@framesby.co.za.

Ons wil graag berigte plaas van al ons oudskoliere, maar benodig hul selfoonnommer/e-pos om kontak te maak.

Dis altyd lekker om te hoor waar ons oudskoliere hulself vandag bevind sowel as om terug te kyk na almal se Framesby herinneringe.

# OUDSKOLIERE MEMORABELIA:

Ons wil graag memorabelia vir ons oudskoliere ontwerp en laat maak. Enige voorstelle kan na mediasentrum@-framesby.co.za ge-epos word.



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ADRES:
- PROVINSIE:
- BEROEP:
- TELEFOON:
- SELFOONNOMMER:
- E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7



PSG Wealth Insure

# Big Picture Insights

## Bestuur jou nalatenskap deur behoorlike boedelbeplanning en jou testament

Baie van ons is altyd besig om "goed" bymekaar te maak, waarvan party hetsy om finansiële of sentimentele redes vir ons baie belangrik is, terwyl ander van minder belang is. Ons kan sommige goed sien en aanraak, soos 'n motor. Ander kan nie gesien word nie, maar is net so belangrik, soos die reg op iets wat in 'n trust bewaar word. Maar wat gebeur met al hierdie "goed" wanneer ons die dag te sterwe kom?

### Die opstel van 'n testament verg 'n strategie in die vorm van boedelbeplanning – watter oorwegings moet jy in gedagte hou?

Voordat 'n mens dit op skrif stel, moet jy mooi dink hoe jou testament onbedoelde gevolge kan hê. Met behoorlike boedelbeplanning kan al hierdie oorwegings beter bestuur word. Boedelbeplanning behoort 'n komponent van ons breë finansiële beplanning te wees. Dit help ons om ons sake te orden en te sorg dat ons geliefdes by ons afsterwe in die beste moontlike finansiële posisie gelaat word.

### 'n Kernelement van boedelbeplanning is hoe die boedel belas sal word

Belasting moet nooit die enigste faktor wees wat oorweeg word nie, maar ons moet belastingdoeltreffendheid in die uitvoering van ons wense probeer verseker. Oorwegings sluit in om belasting te vertraag deur besittings aan 'n oorlewende gade na te laat, of voor afsterwe 'n skenking te doen aan 'n trust of 'n ander party. Nog 'n belangrike oorweging is likiditeit in die boedel, om te sorg dat daar genoeg kontant is om skuld te vereffen en belasting te betaal. Dit sal verhoed dat kosbare bates soos die gesin se huis noodgedwonge verkoop moet word. Waar likiditeit dalk onvoldoende is, moet geskikte lewensdekking oorweeg word wat kontant aan die boedel sal betaal.

### Wanneer 'n boedelplan in plek is, het jy 'n testament nodig wat aan verskeie reëls voldoen


In 'n wêreld waar kommunikasiemedia deurentyd verander, het die kommunikasie van ons wense vir die hantering van ons besittings by afsterwe redelik formeel gebly. Die wet stel formele vereistes vir testamente om geldig te wees. Die getuies by jou ondertekening van die testament moet byvoorbeeld ouer as 14 wees, nie begunstigdes van die testament wees nie en moet fisies teenwoordig wees wanneer jy die testament teken, en hulle moet hul handtekeninge byvoeg. Daar is ook verskeie ander formaliteite. Een verkeerde stap kan veroorsaak dat die hele testament ongeldig is. By afsterwe sonder 'n geldige testament word die boedel volgens intestate erfopvolging verdeel. Dit beteken ons bates word namens ons volgens vasgestelde regsreëls verdeel. Dit kan daartoe lei dat bates toegeken word aan 'n familielid wat dit nie nodig het nie, of nie in staat is om dit te bestuur nie.

'n Testament kan eenvoudig wees, soos om 'n paar mense as erfgename te benoem. Dit kan egter baie meer ingewikkeld raak, in welke geval 'n trust kan help om bates na jou dood te bestuur. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat ander elemente soos jou huweliksbedeling, egskeiding en bates wat in 'n buitelandse jurisdiksie gehou word, ook 'n invloed het op hoe jou testament opgestel word – beide in Suid-Afrika en, wanneer nodig, in die buiteland.

'n Artikel soos hierdie kan nooit al die toepaslike oorwegings dek nie. Jou finansiële adviseur kan jou deur hierdie proses lei op 'n wyse wat die beste vir jou omstandighede werk en by jou breë finansiële plan inpas.

*Skrywer: Gerhardt Meyer, Strategiese Tegniese Bestuurder, PSG*

Vriendelike groete



**T** +27(41) 392 6900 | Kaapweg 146, Mill Park, Gqeberha, 6001.

Affiliates of the PSG Konsult Group are authorised financial services providers.
**PSG Wealth Financial Planning (Pty) Ltd is an authorised financial services provider. FSP 728**



## YOU ARE INVITED TO

## BREAST CANCER AWARENESS EVENT

*In aid of CANSA*

### What to expect

"A story of hope" by our guest speaker, Christel van den Bergh
"Learn how to screen yourself", presented by CANSA
Informative session by our Senior Medical Specialist, Dr. Salie

**When :** Thursday, 27 October 2022
**Where:** Die Kosblik @ Framesby High
**School Time:** 11:00 for 11:30

Tickets available for R250 per person from Quicket
Ticket price includes a welcoming gift as well as snacks

***Cash bar available***

CANSA Cancer Association of South Africa
Research • Educate • Support

OLDMUTUAL

**POSTNET**

**SUNRIDGE VILLAGE**
**Tel: 041 360-7441**
**sunridge@postnet.co.za**

# AMAZING

## Specials on

# Printing

## For Teachers and Students

as well as free internet use